

Redakteursnota

Navorsing oor ekokritiek en die Afrikaanse letterkunde verteenwoordig ’n opwindende nuwe veld van ondersoek in Afrikaans. Artikels deur Susan Smith en Susan Meyer is reeds in vorige uitgawes van die TGW geplaas. In hierdie afdeling reageer Susan Meyer op Carien Smith se ekokritiese herlees van Riana Scheepers se kortverhaal “Katvoet”, wat in die Junienommer van die tydskrif gepubliseer is. Nog ’n respons op Smith se artikel word voorsien vir die Desemberommer, waar daar ook geleentheid sal wees vir ’n antwoord deur Carien Smith.

Voortgesette diskoers skep die geleentheid vir teoretiese omlýning van die veld, wedersydse slyping van standpunte en perspektiewe, asook die ontwikkeling van toepaslike terminologie in Afrikaans.

Die redaksie rig hiermee ’n ope uitnodiging aan belangstellende lesers om deel te neem aan die diskoers oor ekokritiek.

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Augustus 2018